23 Februarie 2025

Polsslag

Rom. 12: 2

Gereformeerde Kerk Benoni

# 7 wenke om dieper verhoudings by die kerk te kweek

*Jeremy Linneman*

**Dis moeilik om vriende te maak**

Daar is soveel verskillende dinge in ons samelewing vandag wat dit moeiliker maak om diep verhoudings by die kerk te vestig. Ons is geïsoleer van die verhoudings wat ons die nodigste het; ons is meer eensaam as wat ons besef; as gevolg van ons eensaamheid voel ons besig, oorweldig en afgesonder; en dis moeiliker om betekenisvolle vriendskappe te vind as om net oppervlakkige verhoudings te hê.

Hier is sewe wenke wat kan help om dieper verhoudings by die kerk te kweek:

**1. Omhels jou behoefte aan ander mense**

Net soos wat ons fisiese en emosionele behoeftes het, het ons ook verhoudings behoeftes, nl. vriendskap, familie en geestelike gemeenskap. Om geestelik gesond te wees, het ons vriende nodig wat ons liefde vir God en ons oortuigings oor geloof en kerk deel.

**2. Ontdek hoe God wil hê dat jy behoort**

Ons behoort aan God – Vader, Seun en Heilige Gees; ons behoort nie meer aan onsself of aan die wêreld nie; en ons behoort aan mekaar in die kerk. Om te weet dat ons aan God alleen behoort, beteken dat ons gewortel is in hoe Hy ons gemaak het. As ons nie sekerheid hierin het nie, sal ons aanhoudend ons identiteit soek in ons optrede, populariteit en sosiale status.

**3. Jou gemeenskap wil ook hê dat jy vriende by die kerk het**

Ons het kerkvriende nodig om ons gawer, meer onbaatsugtige mense te maak. Waar baie sosiale groepe dinge het waarteen hulle staan, deel Christene 'n band vir waarvóór ons staan. Ons bestaan om God te verheerlik en te groei in ons geloof in Christus.

**4. Herorganiseer jou skedule vir verhoudings**

Ons samelewing wil ons dwing om weg van Christelike gemeenskappe te dryf en onsself te isoleer, sodat ons meer selfsugtig raak. Ons moet die gejaagde kultuur rondom ons teenstaan en tyd maak vir vriende, Bybelstudie en kerklike aktiwiteite.

**5. Maak plek vir dié aan die buitekant**

Gasvryheid behels nie net om ons huise oop te maak vir ander nie, maar ook om ons hart en lewens vir hulle oop te maak. Dit plaas ook die fokus op die ander persoon en nie op onsself nie – om hulle deel te maak.

**6. Bid saam**

Om saam te leef en te kuier is een element van vriendskappe. Maar wanneer ons tyd saam met kerkvriende spandeer is dit belangrik om ook tyd in gebed saam te spandeer. Ons moet formele én informele geleenthede hiervoor gebruik om ons verhoudings met mekaar saam met Christus te versterk.

**7. Bly – al is dit moeilik**

In vandag se samelewing gebeur dit dikwels dat mens vir werk moet trek. Sommige mense sal selfs elke paar jaar van kerk verwissel. Sulke skuiwe maak dit moeiliker om diep verhoudings te bou en te behou.

Streef daarna om nie jouself te isoleer nie. Betekenisvolle verhoudings met mede-gelowiges kom wanneer mens geleentheid het om tyd saam met mekaar te spandeer. In Christus is die moontlik om waarlik te behoort!

## Adres

24b Miles Sharpstraat, Rynfield, Benoni, 1514

## Kerkkantoor ure

Maandag – Vrydag: 09:00 – 16:30

## Predikant

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

## Pastorale berader

Ds. Louis Buys
082 927 2034

## Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Bybelgenootskap**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 16 Februarie**

**Diens van barmhartigheid**
**Snapscan: R4 761.18**

**Bedieningshulp Indië**
**Snapscan: R383.01**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




"Twee vaar beter as een en 'n driedubbele tou breek nie maklik nie." Hierdie is 'n teks wat ons gereeld op troues hoor. Dit pas wonderlik toe op die huwelik, maar wat ons wel moet besef is dat die beginsel wat hierdie teks vaslê geld vir elke liewe mense verhouding wat bestaan.

Die geheim tot gesonde mense verhoudinge is om die Here die middelpunt van die verhouding te stel en die verhouding met sy riglyne te bestuur. Eers wanneer ons dit doen kry ons die vermoë om na mekaar te kyk soos die Here na elke persoon kyk, om genadig te wees soos die Here is, om te vergewe soos die Here vergewe, om geduldig te wees soos die Here geduldig is, ens.

Dit maak ons sterker want sodoende leef ons binne God se resep vir gesonde verhoudings, dit is die soort verhoudings waar God die middelpunt en sy Woord en Gees die fondasie is. Waar die dissipels, gelei deur God, hulle elke verhouding leef.




Mense spekuleer geweldig oor die wederkoms van Jesus. Maar dit sal ons goed doen om net eenvoudig te bly by dit wat die Bybel ons daaroor leer. Daar is 'n baie dinge wat ons nié weet daaroor nie, maar hier is 'n paar dinge uit Markus 13 waaroor ons seker kan wees:

- Jesus se koms sal duidelik wees aan die hele wêreld, die Lig sal opgaan oor die wêreld;
- Ons sal in aanbidding Hom eer omdat Hy die Koning is;
- Sy koms bring 'n einde aan alle swaar en ellende (maar ook oordeel oor die wat in ongeloof volhard);
- Dit kom vir seker, net soos sy woord stand hou, en;
- Dit is op hande... enige tyd nou!

Is jy besig met die dinge wat van belang is in die Koninkryk van God? Soos daardie slawe besig moes wees met die dinge van hulle meester, só verwag die Here dat ons met Sý dinge besig sal wees tot die dag dat Jesus terugkom!

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**23 Februarie**
Ina Bolt
Leatitia van Staden
Kevin Williams *

**25 Februarie**
Ryan Colyn
Divan Raubenheimer
Adri van Tonder

**26 Februarie**
Talita Coetzee *
Maritsa Loock
Amelinda Pienaar

**27 Februarie**
Janie Potgieter

**28 Februarie**
Jaap Bekker **
Amelia Venter #

**29 Februarie**
Sanmarie Rossouw
Wilhelm van Wyk

**1 Maart**
Kobus Coetzer *
Amelia Naude #
Theuns Schutte
Paula van Niekerk *

***Dooplidmaat #***
***≥70 * ≥80 ****
***≥90 *****

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Hettie Herbst het nog baie pyn na haar rugoperasie, maar die dokter is tevrede met die herstel tot dusver.
- Rayden van Wyk was die afgelope week in die hospitaal met 'n erge maagvirus. Hy is ontslaan en herstel verder tuis.
- Delanè du Rand is gediagnoseer met serebrale gestremdheid en kry epileptiese aanvalle.
- Michiel Eloff ervaar deurlopend pyn en ongemak in sy regteroor en gaan 'n permanente *grommet* in die week kry asook 'n gehoorstuk om verdere gehoorskade te beperk.








**Registreer hier op die elektroniese vorm: https://forms.gle/aakFdhrWK5ZzK2Ff9**




## SUSTERSAAMTREK 2026 BY GK BENONI!

Ons het onlangs bevestig dat ons gemeente volgende jaar weer die geleentheid het om die Sustersaamtrek aan te bied. Meer inligting en reëlings hieroor sal binnekort kommunikeer word.

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*




Bid saam dat die klein **Libiese Kerk** verenig en gevestig sal word ten spyte van intense vervolging. *Filippense 2:15b "Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld 16 deur die woord van die lewe uit te dra"*









## Help Us Build a Gym for Our Hostel Learners!

*Due to ongoing construction, our learners have limited access to sports activities. We're exited to open a gym to keep them active and healthy, but we need your support! Any gym equipment you no longer use would make a difference. For the girls, we've received some yoga mats, exercise balls, and jumping ropes, but could use more.*

*Suggestions:*

*Exercise balls, skipping ropes, small hand weights, resistance bands, Exercise trampoline; stair climber; stationary bike, Chest press, machine, leg curl, balance board, yoga mat.*

*Your donation-big or small- will be greatly appreciated. Thank you for helping us promote physical wellness for our learners!*

*Contact: Chriska (084 666 6808) or Christi (063 005 4923) or Noeleen (082 337 1479)*

***Dr W.K. du Plessis School***

Ons skool Dr WK Du Plessis is 'n skool vir kinders met leerprobleme. Hulle bou tans ons skool oor, en ons is in tydelike klasse op 'n tydelike terrein met baie minder spasie en geen sport-geriewe. Ons het kinders in die koshuis (Van GR 1 tot GR 12). As iemand dalk oefen toerusting wat nie meer gebruik word nie, kontak ons asb.

# Leer ken jou mede lidmate




## DIE FOURIES

Ontmoet die Fourie-gesin

Hallo, kerkfamilie! Ons is die Fourie-gesin, en ons is opgewonde om 'n bietjie meer oor onsself met julle te deel.

**Ons Storie**

Ons is Denise en Flip Fourie. Ons het in Julie 2014 ontmoet en onmiddellik verlief geraak. Ná 'n paar wonderlike jare saam is ons in Maart 2018 getroud. Ons glo ons storie is deur God beplan, want ons paaie het oor die jare so dikwels gekruis sonder dat ons mekaar ontmoet het – tot op die regte tyd.

**Ons Gesin**



Ons is geseënd met drie pragtige dogters:

Carla (15): Carla is vanjaar in Graad 10 en doen uitstekend in haar skoolwerk. Sy dien ook as VLR. Sy geniet netbal, ringbal en redenaars en is 'n baie gemotiveerde en aktiewe tiener.

Anja (5): Anja het vanjaar Graad R in haar nuwe "groot skool" begin en is baie opgewonde oor hierdie nuwe fase. Sy het 'n borrelende persoonlikheid en maak maklik vriende. Sy geniet ook redenaars.

Inge (2): Ons jongste, wat binnekort drie word, geniet haar tyd by die kleuterskool. Sy is baie lief vir haar maats en bring elke dag vreugde in ons huis.




**Wat Ons Doen**

Denise: Ek is 'n besige mamma en bestuur 'n ouerblog genaamd Momday to Sunday. Op die blog deel ek inspirasie en ondersteuning vir ouers oor alles van dissipline en borsvoeding tot kosblikkies en aktiwiteitsidees. Ek het 'n fotografie besigheid wat ek baie geniet aangesien foto's my passie is. Verder werk ek al 18 jaar as 'n sleutelrekeningbestuurder in die afvalbedryf.

Flip: Ek is 'n Geoktrooieerde Rekenmeester en werk as 'n Finansiële Bestuurder vir 'n maatskappy in Johannesburg. Ek is lief vir braai en is 'n kranige Blou Bul ondersteuner.

**Ons Wortels**

Ons is trots om Benoni ons tuiste te noem. Flip en Denise het albei hier grootgeword. Ons is vanaf 2018 deel van die Benoni Gemeente maar Flip was as kind deel van die ou Benoni Gemeente waar sy pa, as ouderling gedien het. Denise het in 2024 haar rol as Diensgroep leier en Diaken vir mammas met babas aangeneem en is opgewonde om haar vaardighede en talente in diens van die gemeente te gebruik.

Ons is dankbaar om deel te wees van hierdie gemeente en sien uit daarna om julle almal beter te leer ken. Moet asseblief nie huiwer om hallo te sê nie – ons wil graag met julle gesels!

Seënwense,

Die Fourie-gesin



---

## 3 Finansiële bene van die Gemeente

**Diakonalekas**

- Rooi sakkie in die banke
- EFT
- Snapscan
- Besigheidskenkings

**Kerkkas**

- Debiet order
- EFT
- Snapscan
- Beleggings / Verhuring

**Projekte – Kerk & Kerkverband**

- Groen sakkie by deur
- EFT
- Fondsinsamelings